# CHRISTUSPREDIKING

PROF DR. J. I. DE WET

## I INLEIDING:

Homiletiek is die teologiese wetenskap wat die aard, doel, vorm en metode van die prediking navors en beskryf. Hierdie navorsing en beskrywing word onderneem ter wille van die prediking van die Kerk, sodat die Kerk goed en reg sal preek. Juis daarom het die homiletiek ook 'n kritiese taak. Dit moet naamlik alles wat as prediking aangebied word krities aan die gegewe norme toets ten einde vas te stel of dit goed en reg is of nie. Hieruit volg noodwendig dat die homiletiek ook 'n korrektiewe taak verrig. Waar en wanneer die prediking nie goed en reg is nie, moet die homiletiek daarvoor sorg dat die nodige korreksies aangebring word.

Alles wat nou hier volg staan in die teken van kritiek en korreksie.

(Skrywer hiervan moes die afgelope twee jaar gereeld inluister na godsdienstige uitsendings van die S.A.U.K. waaraan predikante van die drie Afrikaanse Kerke en die Apostoliese Geloofsending deelneem. Wat nou hier volg, is die waarnemings en afleidings van die skrywer in verband met hierdie prediking, ongeag kerkverband van die predikers.)

## II. DIE VRAAG NA DIE BRON VAN DIE PREDIKING

Uit alle prediking kan afgelei word dat dit Christusprediking wil wees. Die groot vraag is egter of alle prediking werklik is wat dit wil wees.

Hedendaags word meermale direk of by implikasie beweer dat 'n mens Christus in sy medemens ontmoet. Hierdie stelling word in die reël op twee maniere uitgebou:

(a) Die mens word beskou as 'n getuie van Christus. Dit wat die gelowige is en doen weerkaats die beeld van Christus op een of ander wyse na die medemens toe.

(b) 'n Mens ontmoet Christus in die hulpbehoewende medemens.

Dat elke gelowige 'n getuie van Christus moet wees is waar en dat elke gelowige barmhartigheid aan die noodlydende medemens moet bewys, is ewe waar. Dog wanneer die mens hetsy die vroom mens hetsy die arm mens, voorgehou word as bron waaruit Christus werklik reg geken kan word.

'n Ander saak wat ook soms direk of by implikasie as kenbron van Christus genoem word, is die ervaring of menslike belewenisse, die gebeurtenisse. By voorbeeld as iemand op wonderbaar-

like wyse met sy lewe van 'n ongeluk afgekom het, word die gebeurtenis self of die ervaring wat iemand daarvan het so 'n kenbron van Christus voorgehou. Is die gebeurtenisse of ervaring daarvan geldige kenbron van Christus? Anders gestel, kan Christus vanuit hierdie dinge reg gespreek word en kan mense op grond van hierdie gebeurtenisse en ervarings tot geloof gebring word?

Om hierdie vraag te beantwoord is eintlik nie moeilik nie. Christus verklaar immers self: „Julle ondersoek die Skrifte omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is diè wat van My getuig." (Joh. 5:39, vgl. bv. Luk. 24:27). Hierbenewens bely die Kerk op grond van die Skrif: „ . . . dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo om gered te word, daarin genoegsaam geleer word" (N.G.B. artikel VII).

Hieruit val sonder twyfel te beweer dat die Skrif as die enigste geldige kenbron van Christus beskou moet word. Om dus die vroom mens of die arm mens of die lewenservarings of wat ookal tot kenbron van Christus te verhef, beteken in wese so 'n uitbreiding van die kanon. Volgens N.G.B. art. VII kan so 'n kanonuitbreiding nie strafloos geskied nie. Waar die uitbreiding wel geskied, lei dit tot 'n prediking wat as gevaarlik vir die geloof beskou moet word.

Elke prediking dus wat Christusprediking wil wees, moet die Christus van die Skrifte soos die Skrifte Hom betuig preek. Die praktyk om 'n teks te kies en dan allerlei lieflingsgedagtes of „mooi" uitsprake van die teologie van die dag daaraan op te hang en dan as preke aan te bied, moet met alle beslistheid afgewys word.

Ons het nou kortliks vasgestel dat die Skrif die kenbron van Christus is en daarom ook die enigste geldige bron van die prediking as dit Christusprediking wil wees. Daar bly nou egter nog die vrae, wat die Skrif aangaande Christus getuig en hoe die Skrif dit getuig oor:

## III. DIE VRAAG NA DIE INHOUD VAN DIE PREDIKING

Dit spreek eintlik vanself dat die vraag na die inhoud van die prediking altyd die belangrikste vraag is. Daarom moet elke prediking wat Christusprediking wil wees, Jesus Christus werklik tot inhoud hê. In hierdie verband is daar ook bepaalde sake wat in die prediking na vore kom wat aandag nodig het om die eenvoudige rede dat Christus gepreek moet word soos die Skrif Hom aan ons betuig. Daar moet noodwendigerwyse inhoudelike ooreenstemming wees tussen die Christusgetuienis van die Skrif

en die Christusprediking, anders word 'n ander Christus as die Christus van die Skrifte gepreek.

In hierdie verband is dit noodsaaklik om daarop te wys dat 'n veelvuldige gebruik van die Naam van Christus in die prediking nog glad nie 'n waarborg is dat die preekinhoud wesenlik ooreenstem met die Skrifinhoud nie. Trouens waar 'n ander Christus as die Christus van die Skrifte gepreek word, terwyl sy Naam wel gebruik word, is daar beslis sprake van **'n ydele gebruik** van die Naam van Christus. Dit is tog seker ook só dat sy Naam ook nie ydelik as dekking van alles en nog wat gebruik mag word nie.

Ook hier is gevaarlike tendense aan te wys. Ons hou ons by die sake wat reeds in 'n vorige paragraaf aangestip is. Meermale word Christus dan ook direk of indirek voorgehou as die ideaaltipe van 'n religieuse persoonlikheid. Die g e l o w i g e word dan gesien as noukeurige weergawe van die religieuse persoon Jesus Christus. In dié mate waarin die persoonlikheid van die gelowige ooreenkom met die religieuse persoonlikheid van Christus, is die gelowige dan in homself 'n weerkaatsing of spieëlbeeld of getuie van Christus. Oor die vraag na wat die kenmerke van die sogenaamde religieuse persoonlikheid van Christus nou eintlik is, is die uitsprake meestal vaag en van uiters uiteenlopende aard. Uiteindelik kom dit egter altyd weer daarop neer dat so 'n persoonlikheid eintlik die saambundeling van allerlei menslike deugde in een persoon is. Watter deug nou eintlik die vernaamste is of as die vernaamste aangeslaan word, hang blykbaar af van die persoonlike voorkeur en insig van die betrokke prediker.

In die tweede geval word Jesus Christus in laaste instansie gesien as die groot sosiale hervormer en maatskaplike opheffingswerker. Die arm of noodlydende medemens na wie die hand in hulpverlening en verbetering van die lewenslot uitgesteek moet word, moet in almal wat hom teenkom deernis opwek vir die arm Jesus wat, anders as selfs die jakkalse en die voëls, geen plek het om sy hoof neer te lê nie. Uit meegevoel met Hom wat alles prysgegee het ter wille van minderbevoorregtes moet alle maatskaplike nood opgehef word. Hierdie sosiale evangelie van die „arme Jesus" word nogal baie keer en op baie maniere gepreek.

Die derde geval wat ons genoem het, naamlik dat Christus uit die gebeurtenisse en die ervaring daarvan geken kan word, lei onvermydelik tot die aantasting van die Persoon van Jesus Christus, want deur hierdie soort prediking word Hy, met eerbied gesê, van Persoon tot ding gemaak as die laaste oorsaak en dies meer.

Die werklike inhoud van die Christusgetuienis van die Skrif word, miskien die beste saamgevat deur die Apostolicum: „(Ek glo) in Jesus Christus, (die) eniggebore Seun (van God) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en neergedaal het na die hel; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader; vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode."

Van hieruit is kritiek op wat hierbo as inhoudelik-afwykende prediking aangestip is, voor die handliggend. In die eerste geval word Jesus Christus se God-mensheid aangerand, omdat Hy voorgehou word as blote voorbeeld van dit wat die mens self moet word en wees. Natuurlik is Jesus Christus in 'n bepaalde sin en tot sekere hoogte die voorbeeld wat nagevolg moet word, maar wanneer Hy **net** as voorbeeld voorgehou word, word geloën dat Hy, omdat Hy wesenlik die tweede persoon in die Goddelike Drie-eenheid is, ook dit is wat die mens nooit kan naboots of wees nie. Hoe belangrik menslike deugsaamheid ook mag wees, mag Jesus Christus nooit gepreek word asof Hy net die voorbeeld is van dit waartoe die menslike deugsaamheid kan styg nie. Hy mag nie só gepreek word nie, want Hy is en bly die Verlosser-Heer van die mense.

Die mens wat dus as gelowige, getuie van Jesus Christus is, is **nie** getuie as eksemplaar of kopie van Christus nie, maar as instrument wat deur alles wat hy is, sê en doen heenwys na die Christus van die Skrifte, nie as sy duplikaat nie, maar as sy Verlosser-Heer in Wie en deur Wie hy die lewe het.

Wat die tweede geval betref: Jesus Christus het self die „arme Jesus"-evangelie treffend afgewys toe Hy gesê het: „Dogters van Jerusalem moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en julle kinders; . . . " (Luk. 23:28). Hierdie soort prediking moet afgewys word omdat Jesus Christus nie aanspraak maak op ons simpatie nie, maar wel op ons geloof en aanbidding. Dit het die Kerk wel goed verstaan toe die kerk die Apostolicum berym het:

„ . . . Ek vereer Hom soos die Vader,
buig my dankbaar voor Hom neer,
wat my vrygekoop, verlos het —
Hom erken ek as my Heer." (Ges. 52:2).

Wie die Christus van die Skrif só leer ken het, het vanselfsprekend 'n barmhartigheidstaak. Hy is deur die regte Christusprediking na die noodlydende medemens op weg, nie om in hom

sy Heer te ontmoet nie, ook nie om daar deernis met Jesus te ontvang nie, maar om aan hom na wie die Heer hom gestuur het die diens van sy Heer te verrig.

Ook wanneer Christus as laaste oorsaak of iets dergelyks voorgestel word het ons kennelik te doen met prediking waar die Naam, Jesus Christus, wel gebruik word om iets of iemand anders te preek as die Christus van Wie die Skrifte getuig. Nou mag die vraag gestel word: Waarom mag die Naam van Jesus Christus nie op hierdie wyse in die prediking gebruik word nie? Die Skrif gee op die vraag ewe-eens 'n duidelike antwoord.

Jesus Christus is presies net Wie en Wat sy Naam aandui: Gods Gesalfde wat sy volk van hulle sondes verlos het (Matt. 1:21 en daar is geen ander wat hierdie verlossing kon bewerk of bewerk het nie want daar is geen ander Naam aan die mense gegee waardeur hulle verlos kan word nie (Handelinge 4:12). Omdat die prediking in diens staan van hierdie verlossing en nie in diens van enige ander soort verlossing nie, moet die inhoud van die Christusprediking en die Christusgetuienis van die Skrif noodwendigerwyse en wesenlik ooreenstem en moet alles wat iets anders onder die Naam van Christus wil bring as strafbare, ydele gebruik van sy Naam afgewys word. Christusprediking is alleen goed en reg as dit Christus preek soos die Skrif Hom betuig (vgl. N.G.B. Art. VII).

### III. DIE VRAAG NA DIE METODE VAN DIE PREDIKING

Die vraag hoe Christus vanuit die Skrif volgens die Skrif reg verkondig moet word, lewer ook insiggewende en belangrike gegewens op.

Dit is só dat die Skrif die enigste kenbron van Christus en terselfdertyd ook die maatstaf van die regte kennis van Christus is. Tog is dit nou ook nie só dat die Skrif die gevangenis is waarin Christus magteloos opgesluit is nie. Dit word duidelik as 'n mens byvoorbeeld 'n uitspraak soos Joh. 5:39 in gedagte roep. Daar was uitdruklik gesê dat die Skrif van Christus getuig. Met ander woorde, Christus is die Belangrike en die Skrif is die werktuig, die instrument. Die verhouding is dus só dat dit Christus is wat deur Sy Gees die Skrif gebruik sodat Hy reg geken sal word. Alles wat aangebied word as bekendmaking van Christus meet Hy met die Skrif om te bepaal of dit aan sy eise van wat waar en reg is, beantwoord.

In hierdie verband tree daar twee afwykings na vore. Die Skrifwoord word bokant Christus verhef of van sy Persoon,

woord en daad losgemaak. Twee voorbeelde mag dit illustreer. As daar in 'n preek gepleit word dat die owerheid 'n wet moet maak om alle mense, ook die ongelowiges, te dwing om dan op „bybelse" wyse die Sondag deur te bring, dan beoog so 'n preek eintlik 'n „christelike" lewensvorm sonder Christus. Dit is mos onvermydelik die geval met ongelowiges wat hulle by die bepaling van so 'n wet neerlê. Maar wat beteken so 'n afgesonderde dag sonder Christus.

'n Ander voorbeeld: By ons is die huwelik kragtens wet monogaam. Daar is ook diegene wat nie in Christus glo nie en hulle tog by die bepalings van die wet hou. Na die vorm is dit wel 'n „christelike" praktyk. Maar wat beteken 'n monogame huwelik as dit nie teken is van gehoorsaamheid aan Christus nie? Die voorbeelde hoef nie vermeerder te word nie. Dit is duidelik dat langs hierdie weg die Skrifwoord, losgemaak van Christus, uiteindelik so verabsoluteer kan word, dat die Skrif uiteindelik selfs teen Christus gebruik kan word. Elke ketter het immers sy letter.

Die ander moontlikheid is daar waar Christus losgemaak word van die Skrif. In die eerste geval word die instrument buite verhouding belangrik gemaak. In hierdie tweede geval word die instrument wat Christus wel wil gebruik uit sy hande geruk. Die bekende uitspraak van Luther (glo ek) dat as iemand die Skrif teen Christus gebruik, hy Christus dan teen die Skrif sal gebruik, hou daarom nie steek nie. Christus wil nie hê dat die Skrif teen Hom gebruik word of dat Hy teen die Skrif aangewend word nie. Hy wil die Skrif self gebruik tot heil van sy mense. Daarom deug dit nie en om uit vrees vir 'n verabsolutering van die Skrif bo Christus, die Skrif af te breek asof Christus Hom nie daarin deur sy Gees wil bekendmaak nie. Ons hoef hier geen voorbeeld te noem nie. Die voorbeelde hierbo bespreek, illustreer duidelik genoeg dat hierdie weg nie begaanbaar is nie omdat dit na ander Christussse en ander verlossings as die Godgegewe en Godgewilde lei.

Metodies kan die Christusprediking alleen korrek wees wanneer dit die Skrif ooreenkomstig sy eie bedoeling met betrekking tot die Persoon, woord en daad van Christus, uitlê. Bewus van die gevare van beelde, kan 'n plastiese beeld tog hier gebruik word om dié saak te verhelder. Wanneer iemand twee persone aan mekaar bekend stel, dan stel hy daardie twee spesifieke persone aan mekaar voor. Die prediking het in 'n mate dieselfde taak. Dit moet die Christus van die Skrifte aan hierdie hedendaagse hoorder bekendstel. Dit spreek mos vanself dat dit die hoorder

sal bedrieg as dit óf die Skrifwoord sonder Christus óf 'n ander Christus as die Christus van die Skrifte aan die hoorder bekendstel. Metodies moet die prediking Christus vanuit die Skrif en volgens die Skrif bekendmaak, sodat die hoorder Hom kan ken soos Hy bekend wil wees en Hom kan dien soos wat Hy gedien wil word. Trouens, dit is ons oorwoë mening dat prediking wat metodies só gebonde is aan Christus en die Skrif aan minder gevare as ander prediking blootstaan. Die Heilige Gees gebruik immers wat aan Christus behoort om Hom te verkondig (Joh. 16:13, 14).

## IV. **BESLUIT**

Nie alles wat as Christusprediking optree, is sonder meer Christusprediking nie. Omdat die skyn dikwels bedrieg, is dit nie genoeg as prediking vroom lyk of vroom klink nie. Dit moet werklik ook vroom wees. Dit moet Christus vanuit die Skrif en volgens die Skrif reg verkondig.

Homiletiek kan nooit bloot beskrywend wees nie. Dit moet ook voorskrywend wees, want dit moet vir die prediking die grense trek waarbinne dit moet bly as dit werklik vrome prediking wil wees.